**Mits dese wil ek vir jou sê. Briewe van Hennie Aucamp.**

Petrovna Metelerkamp (red.). Hermanus: Hemel & See Boeke. 2013. 394 pp.

ISBN 1-86919-088-2.
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.20

Die briewe van 'n kunstenaar ontbloot iets nuuts, onbekends en iets persoonliks van die skrywer. Die leser staan en loer oor die skrywer se skouer, of hy is iemand wat by 'n venster inkyk, aldus J. C. Kannemeyer (19). Die leser leer dus die skrywer ken.

*Mits dese wil ek vir jou sê* stel die leser aan Hennie Aucamp bekend, maar net gedeeltelik. Die bundel is nie belaai met omstrede politieke uitlatings nie, daar steek nie skinderstories oor ander kunstenaars in die geskrifte weg nie en geen donker geheime word onthul nie. Maar dit is 'n waardevolle toevoeging tot die skrywer se oeuvre.

Volgens Liz Stanley (71), kenner op die gebied van biografieskrywing, is briewe nie bloot 'n skrywer se oorvertelling van sy lewe nie, maar 'n bewys van hoe hy met die veranderinge in sy lewe omgaan en daardeur betekenis uit sy bestaan put. In die Louwbroers se briefwisseling tydens die jare dertig van die vorige eeu sien ons die invloed van die grootste politieke en sosiale verskynsel van hulle tyd, naamlik die nazisme. Uys Krige se staaltjies uit Frankryk en Spanje is 'n weerspieëling van die kunstenaarslewe in daardie gebied en era. Peter Blum se briewe getuig weer van 'n skrywer se angs weens die feit dat hy nie 'n literêre tuiste kon vind nie.

Hoewel Aucamp se briewe verskeie brandpunte in Suid-Afrika aanraak (onder meer moedertaalonderrig, die toestand van sy geliefde Kaapstad en die toekoms van kuns), getuig sy geskrifte uiteindelik van een ding: sy kunstenaarskap. Dit kom na vore in sy uitlatings oor seksualiteit, die uitdrukking van sy sosiale gewete, sy besinnings oor die kuns en sy stryd met sy eie verganklikheid.

Die keuse om briewe oor so 'n breë tydperk te plaas (1958–2011, met bittermin geskrifte wat dateer uit die 1960's en 1970's), lei daartoe dat 'n mens nie 'n sentrale tema in die bundel raaklees nie. Aucamp se politieke ingesteldheid, sy avonture in Kaapstad of sy liefdeslewe word nie so volledig geteken dat hulle sentrale temas word nie.

Die epistoliese goue draad is Aucamp en kuns. Die briewe wys: kuns is sy lewe. In 'n brief aan M. C. Botha op 15 Maart 1999, waarin hy hom waarsku teen gelatenheid, skryf Aucamp: "[…] dis die maak van dinge of hulle nou gepubliseer word of nie, wat kontoer gee aan ons bestaan."

In 'n brief aan Johann De Lange op 4 Oktober 1989 verduidelik Aucamp sy benadering tot die genre van gay lektuur: "Verhulling is nie outomaties gelyk aan oneerlikheid nie. Dis op sigself 'n tegniek; 'n legitieme literêre tegniek. Ek raak in elk geval ongemaklik wanneer skrywers eksplisiete moraliste en politici word […]".

Voetnote om van hierdie uitlatings in perspektief te stel, sou hier welkom gewees het (veral die "vervolgingsveldtog" deur Koos Prinsloo op Aucamp waarna in 'n latere brief verwys word). So ook sou agtergrond oor gebeure soos die moord op Richard Rive, waarna in 'n brief aan Ian Ferguson op 5 Junie 1989 verwys word, dalk in 'n voetnoot weergegee kon word.

In die voorwoord tot die bundel vermeld Petrovna Metelerkamp dat sy nie die briewe op 'n akademiese wyse geredigeer het nie, om sodoende die leesstof vloeiend en lesersvriendelik aan te bied. Die gevaar wat 'n mens egter loop wanneer jy die akademiese tegnieke soos kontekstualisering en aanduidings oor die ontwikkeling van 'n teks wil vermy, is dat daar verwarring kan plaasvind. In verskeie briewe word die ontvanger inkonsekwent voorgestel—oor party word daar lig gewerp in voetnote, terwyl daar oor ander ontvangers geswyg word. Hierdie verswy-

gings is veral steurend wanneer 'n mens nie die konteks verstaan waarin die ontvanger aan Aucamp skryf (of gebeurtenisse waaroor geskryf is) verduidelik word nie. Daar is reeds 701 voetnote in die teks. Seer sekerlik sou 'n bykomende honderd meer waarde tot die teks kon voeg as wat dit die leeservaring sou steur.

Die leser sal lank moet lees om 'n brief op te spoor wat nie handel oor die kuns nie. As 'n student skryf Aucamp in 1959 aan sy ouers oor die kerksang op Amaliënstein. In sy middeljare laat hy hom uit oor sy talent wat hy skaaf ("Uit verlies het ek my energie en stories gehaal, nie uit liefde nie"—aan Marius Bakkes, 28 April 1992). Laastens is daar die meester wat besin oor die stand van die letterkunde in 2011 (sien briewe aan *Die Burger* oor Media24 se besluit om die drie boekeradakteurs van sy Afrikaanse dagblaaie met een nasionale redakteur te vervang).

Selfs wanneer die bejaarde skrywer met die agteruitgang van sy liggaam worstel, word daar gekeer na kuns as behandeling. Hy verwys na bekendes voor hom (Milton, Daudet, Sontag en Sagan) wat hul siektes kreatief benader het en hoe hy nou selektief moet wees in terme van wat hy lees en luister sodat die stres – en daarmee die pyn – kan wegbly.

Aucamp sê: Jy kan my leer ken, maar slegs as kunstenaar. Hy bly privaat. Hierdie terughoudendheid in gepubliseerde briewe is egter nie uniek aan dié bundel nie. In die briefwisseling tussen J. M. Coetzee en Paul Auster besin die twee skrywers oor spesifieke onderwerpe soos sport, politiek en vriendskap, maar onthul hulle niks van hul private lewens nie.

In 'n brief aan Amanda Botha op 25 Maart 2010 bevestig Aucamp die beperking wat hy aan die blootstelling van sy persoonlike lewe wil stel: "Ek beskou *Oor en Weer* as 'n versnyding van 'n outo- sowel as biografie, wat verdere ondernemings in dié rigting uitskakel. Alles wat gesê moet word, ís gesê."

En in sy briewe sê Aucamp dit so fyn. Sy humorsin, skerpsinnigheid en passie skyn deurentyd deur. Die lees van hierdie briewebundel—sowaar 'n kwaliteitwerk kompleet met 13 fotoblaaie—laat die leser met 'n nuwe waardering vir Aucamp; dus wil ek met respek sê dat ek hoop hierdie uitlating aan Botha word nie verwesenlik nie.

**Geraadpleegde bronne**

Aucamp, Hennie. *Oor en Weer.* Pretoria: Protea Boekhuis, 2010.

Auster, Paul. en Coetzee, J. M. *Here and Now: Letters, 2008–2011*. New York: Viking, 2013.

Kannemeyer, J. C. *Ek ken jou goed genoeg… Die briefwisseling tussen N. P. van Wyk Louw en W. E. G. Louw 1936–1939.* Pretoria: Protea Boekhuis, 2004.

Stanley, Liz. "Whites Writing: Letters and Documents of Life in A QLR Project." Red. L. Stanley. *Documents of Life Revisited: Narrative and Biographical Methods for a 21st Century Critical Humanism*. Farnham: Ashgate Publishing. 2012. 59–75.

*Peet van Aardt*
peetvanaardt@gmail.com
Universiteit van Pretoria
Pretoria